higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5

(Tweede vraestel)

(4090315)

6 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:30–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Studente word toegelaat on VYF verwysings- en hulpbronne en 'n sakrekenaar in die eksamenlokaal in the neem. Vorige vraestelle en memoranda word nie toegelaat nie.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n antwoordblad van 2 bladsye.

178Q2B2006

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5
(Tweede vraestel)
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord enige DRIE vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Beantwoord VRAAG 4.1 op die ANTWOORDBLAD.
7. Punte sal nie toegeken word indien direk uit die handboeke afgeskryf word nie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Masopha Willie het pas 'n nuwe skoen-en-klerewinkel, Footer, in Century City langs die gemeenskapsentrum in Welkom in die Vrystaat, oopgemaak. In die verlede was daar twee soortgelyke besighede wat deur die plaaslike munisipaliteit bestuur is.

2.1 Verduidelik hoe Masopha die volgende faktore in sy sake-omgewing kan gebruik om produktiwiteit by Footer te verhoog. Gee 'n voorbeeld vir elke verduideliking.

2.1.1 Bestuur

2.1.2 Grondstowwe

2.1.3 Werknemers

2.1.4 Marktoestande

2.1.5 Bedrywighede

(5 × 4) (20)

2.2 Verduidelik aan Masopha wat etiese praktyk beteken. Grond jou antwoord op die skoen- en klerebedryf. (3 × 2) (6)

2.3 Definieer die term *groepdinamika* en dui aan hoe dit die werknemers van Footer, wat in 'n stresvolle omgewing werk, sal beïnvloed. (5 × 2) (10)

2.4 As bestuurder moet Masopha oor basiese tegniese vaardighede beskik om sy skoen-en-klerewinkel te bestuur.

Verduidelik die begrip, tegniese vaardighede, en gee 'n voorbeeld van tegniese vaardighede wat Maspha sal nodig hê om Footer effektief te bestuur. (2)

2.5 Mag is nodig om mense te beïnvloed om take te voltooi, maar mag, indien dit nie beperk word nie, kan gevaarlik en destruktief word.

Verduidelik die verskil tussen posisiemag ('position power') en ondergeskikte mag ('subordinate power') en gee 'n voorbeeld van elk. (3 × 2) (6)

2.6 Die bestuur van Sentraal-Oos Hoërskool in Noord-Wes het in hul maandelikse verslag aan die gemeenskap aangedui dat 'n aantal werknemers by die skool die gewoonte aangeleer het om op Maandae en die dag na betaaldag nie werk toe te kom nie.

Watter DRIE metodes sal jy voorstel moet die bestuur gebruik om hul werknemers se gewoontes te verander? (3 × 2) (6)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Baby Bush is die trotse eienaar van Baby Bush Kollege aan die suidkus van Kwa-Zulu Natal. Die bestuur van Baby Bush Kollege het 'n memorandum van verstandhouding met ondernemingsbestuurstudente en die SETA onderteken vir die studente om 18 maande lank praktiese ondervinding by die kollege op te doen. Die ooreenkoms laat die SETA toe om studente vir internskappe van 18 maande by Baby Bush Kollege te plaas. Sommige van Baby Bush se personeel werk al vir meer as 15 jaar.

3.1 Ontwikkel 'n ontwikkelings-en-opleidingsprogram van vyf dae wat VYF konsepte of items bevat vir die studente wat by Baby Bush Kollege geplaas is. Sluit ook die name van die aanbieders van elke item, en die instellings wat hulle verteenwoordig, in die program in. (10)

3.2 Baby Bush Kollege moet 'n plasingskoördineerder in diens neem wat vir die hele program verantwoordelik sal wees.

Verduidelik hoe jy te werk sal gaan om die regte persoon vir die werk te werf. (7)

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Die bestuur van Baby Bush Kollege is pas deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) daaraan herinner dat hulle daarvoor verantwoordelikheid is om alle werknemerbelasting op 'n maandelikse grondslag te bereken, af te trek en aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens oor te betaal. Dit is ook hulle verantwoordelikheid om aan die einde van die finansiële jaar IRP5's aan individuele werknemers te verskaf. Die volgende personeel het by Baby Bush Kollege gewerk: Jerry Brown, 27 jaar oud, finansiële bestuurder wat 'n maandelikse salaris van R25 000 verdien het. Monki Mereka, 65 jaar oud, wat R365 000 per jaar verdien het, en Lesupi Michael, 'n algemene werker, 75 jaar oud, wat R195 650 per jaar verdien het. Gebruik die belastingtabel en inligting hier onder om die bedrag te bereken wat aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) oorbetaal moet word.

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS (SAID) 2017/2018

Koerse op individue van toepassing.	
Belasbare inkomste (R)	**Belastingkoers (R)**
0–R189 880	18% op elke R1
188 001–296 540	34 178 + 26% van belasbare inkomste bo 189 880
296 541–410 460	61 910 + 31% van belasbare inkomste bo 296 540
410 461–555 600	97 225 + 36% van belasbare inkomste bo 410 460
555 601–708 310	149 475 + 39% van belasbare inkomste bo 555 600
708 311–1 500 000	209 032 +41 % van belasbare inkomste bo 708 310
1 500 001 en meer	533 625 + 45% van belasbare inkomste bo 1 500 000

Kopiereg voorbehou

Die kortings wat op individuele van toepassings is:

Primêre korting	R13 500
Bykomende korting (vir persone van 65 jaar en ouer)	R7 407
Tersiêre korting (vir persone van 75 jaar en ouer)	R6 050

3.3 Gebruik die inligting wat hier bo verskaf is om die volgende te bereken:

3.3.1 Die belasting wat deur Jerry Brown betaalbaar is (6)

3.3.2 Die belasting wat deur Monki Mereka betaalbaar is (6)

3.3.3 Die belasting wat deur Lesupi Michael betaalbaar is (7)

3.4 Dit is algemene praktyk in die sakewêreld om produkte op krediet aan klante te verkoop.

3.4.1 Wat is die kern van 'n kredietebeleid vir enige onderneming? (2)

3.4.2 Ontwerp 'n kredietbeleid vir Pay & Pick handelswinkels. (4 × 2) (8)

3.4.3 Noem enige TWEE vaste bates van Pay & Pick handelswinkels (wat met boumateriaal handel dryf). (2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 4

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Die bestuur van POBI Spyseniers besluit om hul onderneming uit te brei deur ook lyfroom en handeroom te koop en verkoop. Die kosprys van lyfroom en handeroom is onderskeidelik R35,00 en R20,00. Die verkoopprys van dieselfde produkte is onderskeidelik R60,00 en R35,00. Lyfroom dra 70% en handeroom tot 30% van die totale verkope by. Die vaste koste is R15 000.

4.1 Gebruik die aangehegte antwoordblad om die volgende te bereken:

4.1.1 Bruto winspersentasie van elke produk (6)

4.1.2 Geweegde gemiddelde bruto winspersentasie (8)

4.1.3 Gelykbreekpunt in rand (5)

4.1.4 Gelykbreekpunt indien die onderneming se winsdoelwit R5 000 is (7)

Kopiereg voorbehou

4.2 Adviseer die eienaars van POBI Spyseniers oor die belangrikheid van die volgende wetgewing:

4.2.1 Die Wet op Arbeidsverhoudinge

4.2.2 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes

4.2.3 Die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes

4.2.4 Die Wet op Werkloosheidsversekering

(4 × 3) (12)

4.3 Die entrepreneurskap-en-ondernemingsbestuurstudente aan die Barfolo TBOO-kollege wil in hul gemeenskap 'n verskil maak deur met die maatskaplike ontwikkeling van die gemeenskap te help.

Verduidelik SES maniere waarop hulle hierdie doelwitte kan bereik. (6 × 2) (12)
[50]

VRAAG 5

5.1 Tydens jou kollegeopleiding het jy geleer van die belangrikheid daarvan om 'n missieverklaring vir 'n onderneminge te hê. Gebruik die inligting oor POBI Spyseniers (VRAAG 4.1) om 'n missieverklaring vir POBI Spyseniers voor te stel.

(4 × 2) (8)

5.2 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Een van die beleide van ADG Maatskappy is om hul werknemers jaarliks vir hul prestasie en toewyding te beloon. Sommige werknemers word met sertifikate, kontant en trofeë beloon. Die bestuur van ADG Maatskappy wil tydens die jaarlikse funksie hieroor aan die werknemers terugvoering gee.

Die bestuur het jou genader om hulle te help om riglyne in dié verband op te stel. Stel enige VYF basiese en aanvaarbare riglyne op vir terugvoering oor die toekennings aan die werknemers. (5 × 2) (10)

5.3 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

John Mark is 'n opgeleide meganiese tegnikus en hy is ook 'n gekwalifiseerde rekenaarkenner. Sy spesialisgebied is rekenaarprogrammering en herstelwerk.

Noem DRIE voordele en DRIE nadele van sy ekspertkennis. (3 + 3) (6)

5.4 Mededinging moet nie altyd in 'n negatiewe lig beskou word nie.

Watter raad sal jy vir jong entrepreneurs gee om hul besighede meer mededingend te maak? (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

5.5 'n Verkoopsbegroting dien as basis vir enige onderneming se totale begroting. Peter Brown wil weet wat sy verkoopsbegroting moet wees as sy verwagte verkope 1 500 teen 'n verkoopprys van R350,00 per eenheid is. (4)

5.6 Lerato bly haar hele lewe in White, 'n klein dorpie naby die Welkom Casino. Haar hele lewe het verander toe sy miljoene rand in 'n boerpot gewen het. Die eerste ding wat sy gedoen het was om by 'n opvoedkundige instelling in te skryf om gasvryheidstudie te bestudeer. Sy wil haar wengeld in 'n spysenieringsonderneming belê.

5.6.1 Stel 'n naam voor vir Lerato se onderneming en gee 'n rede vir jou antwoord. (2 × 2) (4)

5.6.2 Lerato is 'n gemotiveerde persoon. Noem DRIE positiewe elemente van haar karakter. (3 × 2) (6)

5.6.3 Hoe sal jy te werk gaan om die beste verskaffers vir jou onderneming te kies? Gee 'n voorbeeld van elke kriterium wat jy sal gebruik. (3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:**

VRAAG 4.1

4.1 4.1.1 **BRUTO WINSPERSENTASIE VAN ELKE PRODUK**

	LYFROOM	**HANDEROOM**
BRUTO WINS %		

(6)

4.1.2 **GEWEEGDE BRUTO WINSPERSENTASIE**

PRODUK	**% VAN VERKOPE**	**BRUTO WINS %**	**GEWEEGDE BRUTO WINSPERSENTASIE**

(8)

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

4.1.3 **GELYKBREEKPUNT IN RAND**

(5)

4.1.4 **GELYKBREEKPUNT MET 'N WINSDOELWIT VAN R5 000**

(7)

Kopiereg voorbehou